

Tog te skattig

Dos haar uit in 'n fraai gebreide uitrusting, versier met kantwerk en lint

BENODIGHEDE: Patons Caressa 4-draad, 25-g-bolle. **Rokkie:** 4 bolle H, 1 bol K. **Baadjie:** 4 bolle H, paar gram K. **Kappie:** 1 bol H, paar gram K. **Kousies:** 1 bol H, paar gram K. **Vuishandskoentjies:** 25 g H, paar gram K; een paar elk breinaalde van 2,75 mm en 3,25 mm; 3 knopies vir rokkie, 2 drukkertjies vir baadjie, lengte smal rek vir baadjie, kappie en kousies; hekelpen van 2,50 mm.

MATE: **Rokkie:** Borsmaat 46-48 cm, lengte vanaf skouernaat ongeveer 33 cm, mou-naat 2,5 cm. **Baadjie:** Borsmaat 46-48 cm, lengte vanaf skouernaat 25 cm, mou-naat 15 cm. **Kappie:** Breedte oor voorste rand gemeet, 30 cm.

SPANNING: 14 ste en 18 rye = 5 x 5 cm op 3,25-mm-breinaalde oor koussteek.

AFKORTINGS: **Breiwark:** r - brei regs; aw - brei aweregs; st(e) - steek(steke); pat - patroon; herh - herhaal; tes - tesame; m 1 - maak een steek; adl - agter deur lus; r2 tes - brei twee steke tesame regs; aw2 tes - brei twee steke tesame aweregs; ks - koussteek (een ry regs, een ry aweregs); pat - patroon; beg - begin; vlg - volgende; oorbl - oorblywende; H - hoofkleur; K - kontraskleur; vermeer - vermeerder; vermin - verminder; RK - regte kant; VK - verkeerde kant; weersk - weerskante; gvt - garing vorentoe; grn - garing rondom naald. **Hekelwerk:** ks - kettingsteek; gs - glipsteek; kb - kortbeen; ks-sp - kettingsteekspasie.

ROKKIE

AGTERPANT: Met 2,75-mm-breinaalde en K, stel 91 ste op.

****** Beg met r-ry, brei 2 rye ks.

Vlg ry: r 1, *gvt, r2 tes; herh van * tot einde. Knip K af. Heg H vas en beg met aw-ry, brei 3 rye ks. Vorm 'n picot-soom op vlg ry deur 1 st vanaf breinaald saam met 1 st van opstelrand te brei tot einde van ry **.

Vlg ry: aw, vermeer 1 st in middel van ry — 92 ste.

Slaan oor na 3,25-mm-breinaalde en brei pat soos volg:

1e ry: r 1, gvt, r2 tes adl, * r 2, r2 tes, gvt, grn, r2 tes adl; herh vanaf * tot laaste 5 ste, r 2, r2 tes, r 1.

2e ry: aw 6, *aw 1 in grn en r 1 in gvt van vorige ry, aw 4; herh van * tot laaste 2 ste, aw 2.

3e ry: r 2, *gvt, r2 tes adl, r2 tes, gvt, r 2; herh van * tot einde.

4e ry: aw.

5e ry: r 2, *r2 tes, gvt, grn, r2 tes adl, r 2; herh van * tot einde.

6e ry: *aw 3, aw 1 in grn en r 1 in gvt van vorige ry, aw 1; herh van * tot laaste 2 ste, aw 2.

7e ry: r 1, *r2 tes, gvt, r 2, gvt, r2 tes adl; herh van * tot laaste st, r 1.

8e ry: aw.

Dié 8 rye vorm pat.

Brei voort in pat tot agterpant 24,5 cm lank is, eindig met 'n 8e pat-ry.

Hou pat deurlopend korrek.

Mousgatvorming: Heg 4 ste af aan beg van vlg 2 rye, vermin daarna 1 st aan weersk van elke ry tot 74 ste oorbly, eindig met VK voor vir vlg ry.

Vlg ry: aw2 tes, (aw 1, aw2 tes) 24 keer — 49 ste***

Rugopening: Brei voort in ks en verdeel soos volg:

1e ry: r 27, draai en plaas oorbl ste op stuk garing.

2e ry: r 5, aw tot einde.

3e ry: r 27.

4e ry: Soos 2e ry.

5e ry: r 24, gvt, r2 tes, r 1.

6e ry: Soos 2e ry.

Vorm 'n knoopsgat soos tevore, op 11e ry, brei 18 rye, eindig dus op mousgatrand.

Skouervorming: Heg 4 ste af aan beg van vlg en daaropvlg alt ry.

Brei 1 ry.

Vlg ry: Heg 5 ste af, r 11, gvt, r2 tes, r 1.

Vlg ry: r 5, aw tot einde.

Plaas ste op 'n haakspeld.

Met RK voor, heg garing weer aan oorbl ste vas, stel 5 ste op vir knoopflap, r tot einde.

Voltooi om ooreen te stem met eerste kant, alle vormings omgekeerd en sonder knoopsgate.

VOORPANT: Soos agterpant tot *** — 49 ste.

Beg met 'n r-ry en brei 12 rye ks.

Halsvorming: **Vlg ry:** r 18, draai en plaas oorbl ste op 'n stuk garing.

Brei voort op dié 18 ste vir 1e kant, vermin 1 st op halsrand op vlg en elke daaropvlg alt ry tot 13 ste oorbly.

Brei 2 rye, eindig dus op mousgatrand.

Skouervorming: Heg 4 ste af aan beg van vlg en daaropvlg alt ry. Brei 1 ry. Heg oorbl ste af.

Laat middelste 13 ste op 'n stuk garing, heg garing weer aan oorbl ste vas, r tot einde.

Voltooi om ooreen te stem met eerste kant, alle vormings omgekeerd.

MOUE: Met 2,75-mm-breinaalde en K, stel 35 ste op en brei soos agterpant van ** tot **.

Vlg ry: aw.

Slaan oor na 3,25-mm-breinaalde.

Vlg ry: r 2, (m 1, r 3) 11 keer — 46 ste.

Vlg ry: aw.

Brei 4-rye ks.

Moukopvorming: Heg 4 ste af aan beg van vlg 2 rye, daarna 1 st aan weersk van vlg en elke alt ry tot 26 ste oorbly, eindig met RK voor vir vlg ry.

Heg 3 ste af aan beg van vlg 6 rye. Heg oorbl ste af.

AFWERKING EN HALSSTROOK:

Moenie pars nie. Werk skouer-, sy- en mounate met fyn agtersteek toe. Werk moue in. Met RK voor, 2,75-mm-breinaalde en H, beg aan linkerkant van agterpant en brei soos volg: r 14 vanaf haakspeld, tel op en brei 15 ste afwaarts oor linkerkant van halsrand, r 13 ste oor middel, tel op en brei 15 ste opwaarts oor regterkant van halsrand,

dan 14 ste vanaf haakspeld — 71 ste.

Beg met aw-ry en brei 2 rye ks.

Knip H af, heg K vas en brei 1 ry.

Vlg ry: r 1, *gvt, r2 tes; herh van * tot einde. Brei 1 ry, heg af.

Vou halsstrook by gaatjiesry na verkeerde kant om en werk lossies met glipsoomsteek vas. Werk knoopflap in posisie. Werk knope aan. Ryg lint deur gaatjies van skouerstuk van agterpant en werk eindpunte by mousgatnate aan verkeerde kant vas. Begin in middel voor en ryg 2 stukke lint deur gaatjies aan weerskante, werk eindpunte weer by mousgatnate aan verkeerde kant vas. Bind 'n strik soos op foto gesien kan word.

BAADJIE

AGTERPANT: Met 2,75-mm-breinaalde en K, stel 85 ste op en brei soos agterpant van rokkie van ** tot **.

Vlg ry: aw, vermeer 1 st in middel — 86 ste.

Slaan oor na 3,25-mm-breinaalde en ks, vermin 1 st weersk van 5e en elke daaropvlg 6e ry tot 72 ste oorbly.

Brei reguit voort tot agterpant 15 cm lank is, eindig met 'n aw-ry.

Mousgatvorming: Heg 5 ste af aan beg van vlg 2 rye, vermin 1 st aan weersk van vlg en elke daaropvlg alt ry tot 54 ste oorbly. Brei reguit voort tot agterpant 25 cm lank is, eindig met 'n aw-ry.

Skouervorming: Heg 5 ste af aan beg van vlg 6 rye. Plaas oorbl ste op stuk garing.

REGTERVOORPANT: Met 2,75-mm-breinaalde en K, stel 43 ste op en brei soos agterpant van rokkie van ** tot **.

Vlg ry: aw.

Slaan oor na 3,25-mm-breinaalde en ks, vermin 1 st op syrand op 5e en elke daaropvlg 6e ry tot 36 ste oorbly. Brei reguit voort tot voorpant net so lank is soos agterpant tot beg van mousgatvorming, eindig op mousgatrand.

Mousgatvorming: Heg 5 ste af aan beg van vlg ry, vermin dan 1 st op mousgatrand op vlg en elke alt ry tot 27 ste oorbly. Brei 1 ry, eindig dus op voorrand.

Afskuinsing vir halsrand: Vermin 1 st aan beg van vlg en elke alt ry tot 15 ste oorbly. Brei 'n paar rye tot voorpant net so lank is soos agterpant tot beg van skouervorming, eindig dus met RK voor vir vlg ry.

Skouervorming: Heg 5 ste af aan beg van vlg en daaropvlg 2 alt rye.


LINKERVOORPANT: Brei om met regtervoorpant ooreen te stem, alle vorming omgekeerd.

MOUE: Met 2,75-mm-breinaalde en K, stel 49 ste op en brei soos agterpant van rokkie van ** tot **.

Vlg ry: aw, vermeer 1 st in middel van ry — 50 ste.

Slaan oor na 3,25-mm-breinaalde en pat soos vir rokkie, tot mou 15 cm lank is, eindig met RK voor vir vlg ry.

Hou pat deurlopend korrek en vorm moukop deur 5 ste af te heg aan beg van vlg 2 rye, vermin daarna 1 st aan weersk van vlg



en elke daaropvolg alt ry tot 28 ste oorbly, eindig met RK voor vir vlg ry.

Heg 3 ste af aan beg van vlg 6 rye, heg af.

AFWERKING: Moenie pars nie. Werk skouernate met fyn agtersteke toe.

VOORRAND: Met RK voor, 2,75-mm-breinaalde en H, tel op en brei 76 ste oor regtervoorrang, brei ste van stuk gare, vermeer 1 st in middel, tel op en brei 76 ste oor linkervoorrang — 177 ste.

Beg met 'n aw-ry en brei 2 rye ks. Knip H af, heg K vas en brei 1 ry.

Vlg ry: r 1, *gvt, r2 tes; herh van * tot einde; brei 1 ry. Heg af.

Werk sy- en mounate met fyn agtersteek toe. Werk moue in. Vou voorrand om by gaatjiesry en werk met glipsoomsteek vas. Werk hoeke netjies vas.

Ryg lint deur gaatjies by mouboordjie.

SIERMOTIEWE: Hekel twee siermotiewe soos volg: Met 2,50-mm-hekelpen en K, hekel 5 ks, gs in 1e ks om ring te vorm. Hekel 9 kb in ring, gs in 1e kb.

Vlg rondte: (4 ks, slaan 1 kb oor, 1 gs in vlg st) 5 keer.

Vlg rondte: (5 kb in 4-ks-sp, 1 gs in st van vorige ry) 5 keer. Heg af.

Werk motief aan regtervoorrang vas soos op foto gesien kan word. Werk drukkertjies teenoor motiewe vas.

KAPPIE

Met 2,75-mm-breinaalde en K, stel 79 ste op en brei soos agterpant van rokkie van ** tot **.

Vlg ry: aw, vermeer 1 st in middel van ry — 80 ste.

Slaan oor na 3,25-mm-breinaalde en brei 1e tot en met 8e pat-ry soos rokkie, 4 keer.

Bolvorming: **Vlg ry:** (r 6, r2 tes) 10 keer.

2e en elke alt ry: aw.

3e ry: (r 5, r2 tes) 10 keer.

5e ry: (r 4, r2 tes) 10 keer.

7e ry: (r 3, r2 tes) 10 keer.

9e ry: (r 2, r2 tes) 10 keer.

11e ry: (r 1, r2 tes) 10 keer.

13e ry: (r2 tes) 10 keer.

Knip garing af, ryg deur oorbl ste, trek stewig saam en heg stewig af.

Werk naat vanaf kroontjie tot beg van patroon toe.

RANDSTROOK: Met RK voor, 2,75-mm-breinaalde en H, tel op en brei 65 ste oor onderste rand van kappie.

Brei 2 rye r.

Vlg ry: *r 2, gvt, r2 tes, herh van * tot laaste st, r 1.

Brei 3 rye r. Heg af.

Ryg lint deur gaatjies en bind 'n strik soos op foto gesien kan word.

Hekel siermotief soos vir baadjie en werk aan middel van bol vas.

VIISHANDSKOENTJIES

Met 2,75-mm-breinaalde en K, stel 35 ste op en brei soos agterpant van rokkie van ** tot **.

Vlg ry: aw.

Slaan oor na 3,25-mm-breinaalde en brei 5 cm ks, eindig met 'n aw-ry.

Vorming: **1e ry:** (r 1, r2 tes, r 12, r2 tes adl) 2 keer, r 1.

2e, 4e, en 6e ry: aw.

3e ry: (r 1, r2 tes, r 10, r2 tes adl) 2 keer, r 1.

5e ry: (r 1, r2 tes, r 8, r2 tes adl) 2 keer, r 1.

7e ry: (r 1, r2 tes, r 6, r2 tes adl) 2 keer, r 1.

8e ry: aw. Heg af.

AFWERKING: Ryg rek deur picot-soom en werk eindpunte stewig vas. Werk naat toe.

KOUSIES

Met 2,75-mm-breinaalde en K, stel 37 ste op en brei soos agterpant van rokkie van ** tot **.

Vlg ry: aw, vermeer 1 st in middel van ry — 38 ste.

Slaan oor na 3,25-mm-breinaalde en brei 1e tot en met 8e ry van kantpatroon soos vir rokkie, 2 keer.

Wreefverdeling: **1e ry:** r 12, pat 14, draai.

2e ry: pat 14, draai.

Brei 14 rye pat oor dié 14 ste. Plaas op haakspeld.

Met RK voor, heg garing weer aan binne-rand van 12 ste vas, tel op en brei 14 ste oor regterkant van voetrug, r oor ste op haakspeld, vermin 1 st in middel, brei 14 ste oor tweede syrand van voetrug, r oor oorblywende 12 ste — 65 ste. r 9 rye.

Vorming: **1e ry:** r 1, (r2 tes, r27, r2 tes, r 1) 2 keer.

2e en elke alt ry: r.

3e ry: r 1, (r2 tes, r25, r2 tes, r 1) 2 keer.

5e ry: r 1, (r2 tes, r23, r2 tes, r 1) 2 keer.

7e ry: r 1, (r2 tes, r21, r2 tes, r 1) 2 keer. Heg af.

AFWERKING: Moenie pars nie. Werk sool- en beennate toe. Ryg lint deur gaatjies rondom enkels.

